



**sport, arts & culture**

Department:  
Sport, Arts and Culture  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


## **AMPTELIKE DSKK-TAALBELEID**

*Afrikaans*

## DSAC OFFICIAL LANGUAGE POLICY

### AUTHORISATION AND EFFECTIVE DATE

Signed in ... PRETORIA ... on the ... 20 ... day of ... JANUARY ... 2021.

DEPARTMENT	NAME OF REPRESENTATIVE	SIGNATURE
SPORT, ARTS AND CULTURE	<i>SA</i> DG: MR SV MKHIZE	

EFFECTIVE DATE: ... 20/01/2021 ...

## AMPTELIKE DSKK-TAALBELEID

### MAGTIGING EN DATUM VAN INWERKINGTREDING

Geteken te ..... op die .....ste/de dag van  
..... 2021.

DEPARTEMENT	NAAM VAN VERTEENWOORDIGER	HANDTEKENING
SPORT, KUNS EN KULTUUR	DG: MNR. S.V. MKHIZE	

DATUM VAN INWERKINGTREDING: .....

## INHOUDSOPGAWE

1.	Woordomskrywing.....	1
2.	Wetgewende instrumente .....	1
3.	Oogmerk en regulatoriese konteks van die Beleid .....	1
4.	Beginnels .....	2
5.	Die werk van die DSKK.....	3
6.	Die DSKK se Taaleenheid .....	3
7.	Amptelike tale van die DSKK .....	4
8.	Gebruik van amptelike tale deur die DSKK.....	4
9.	Kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtaal nie een van die amptelike tale van die Republiek is nie .....	5
10.	Kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtaal Suid-Afrikaanse Gebaretaal is.....	5
11.	Publisering van en toegang tot hierdie Beleid .....	5
12.	Klagtemeganisme .....	6
13.	Hersiening van Beleid .....	6

## 1. Woordomskrywing

<b>Uitdrukking</b>	<b>Omskrywing</b>
Beleid	Taalbeleid van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur
Departement en DSKK	Departement van Sport, Kuns en Kultuur
Direkteur-generaal en DG	Direkteur-generaal van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur
Grondwet	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
Minister	Minister van Sport, Kuns en Kultuur
Regulasies	Regulasies ingevolge die Wet
Republiek	Republiek van Suid-Afrika
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
Wet	"Use of Official Languages Act, 2012" (Wet No. 12 van 2012)

## 2. Wetgewende instrumente

- 2.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
- 2.2 "Use of Official Languages Act, 2012" ("die Wet")
- 2.3 Regulasies ingevolge artikel 13 van die Wet.

## 3. Oogmerk en regulatoriese konteks van die Beleid

- 3.1 Die Beleid word soos volg vereis deur artikel 4 van die Wet:
  - 3.1.1 Artikel 4(1) bepaal dat elke nasionale departement, nasionale openbare entiteit en nasionale openbare onderneming 'n taalbeleid oor sy gebruik van amptelike tale moet aanneem; en
  - 3.1.2 artikel 4(2) bepaal dat 'n taalbeleid wat ingevolge subartikel 4(1) van die Wet aangeneem is—
    - (a) minstens drie amptelike tale moet identifiseer wat die nasionale departement, nasionale openbare entiteit of nasionale openbare onderneming vir regeeringsdoeleindes sal gebruik,

(b) moet bepaal hoe die amptelike tale in doeltreffende kommunikasie met die publiek, amptelike kennisgewings, regeringspublikasies en intra- en interregeringskommunikasie gebruik sal word,

(c) moet beskryf hoe die nasionale departement, nasionale openbare entiteit of nasionale openbare onderneming doeltreffend sal kommunikeer met lede van die publiek wie se voorkeurtaal nie een van sy gekose amptelike tale is nie of Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is,

(d) moet beskryf hoe lede van die publiek toegang tot die taalbeleid kan kry, en

(e) voorsiening moet maak vir 'n klagtemeganisme om lede van die publiek in staat te stel om klagte in te dien oor die gebruik van amptelike tale deur 'n nasionale departement, nasionale openbare entiteit of nasionale openbare onderneming.

#### **4. Beginsels**

4.1 Die beginsels wat hierdie Beleid ten grondslag lê, is:—

4.1.1 'n Verbintenis tot die bevordering van alle tale in die Republiek ten einde grondwetlike taalbillikheid en die taalregte wat deur 'n demokratiese bedeling vereis word, te verseker;

4.1.2 die erkenning van meertaligheid as 'n hulpbron ten einde samewerkingsvennootskappe ten opsigte van nasiebou, ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike samehorigheid te verseker;

4.1.3 die bevordering van toegang tot inligting ten einde doeltreffende staatsdiensadministrasie te verseker, wat aan die behoeftes van die publiek voldoen en wat gelyke toegang tot die dienste en inligting van die DSKK waarborg;

4.1.4 die voorkoming van die gebruik van 'n taal of tale vir die doeleindes van uitbuiting, oorheersing en diskriminasie binne die DSKK;

4.1.5 die erkenning van 'n gemeenskapsgebaseerde benadering, dit is 'n gedesentraliseerde en deelnemende benadering tot taalbeplanning en beleidsuitvoering waarin elke regeringstruktuur die bevoegdheid verleen word om sy eie gebruikstale te identifiseer as die aanneemlikste wyse waarop meertaligheid bevorder kan word, gegewe Suid-Afrika se hoogs pluralistiese samelewing; en

4.1.6 steun aan besondere herstelprogramme vir voorheen gemarginaliseerde amptelike inheemse tale.

## **5. Die werk van die DSKK**

5.1 Die werk van die DSKK behels:—

5.1.1 die popularisering van die rol van sport, kunste, kultuur en erfenis in maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling;

5.1.2 die ontwikkeling, bevordering en beskerming van die amptelike tale van Suid-Afrika en die versterking van die taalverskeidenheid van die land deur beleidsformulering en -uitvoering;

5.1.3 die stimulering van die ontwikkeling van geleenthede in die Suid-Afrikaanse sport, kunste en kultuur deur vennootskappe wat wedersyds voordelig is, en die bevordering van ons kulturele erfenis vir sosio-ekonomiese ontwikkeling; en

5.1.4 die ontwikkeling van die argief- en inligtingshulpbronne van die land.

## **6. Die DSKK se Taaleenheid**

6.1 Die werksaamhede van die Taaleenheid is om:—

6.1.1 die DG van raad te dien oor die ontwikkeling, aanneming en uitvoering van hierdie Beleid;

6.1.2 die DSKK se nakoming van hierdie Beleid te moniteer en te evalueer;

6.1.3 die gelykheid van aansien en die billike behandeling van die amptelike tale van die Republiek te bevorder;

6.1.4 gelyke toegang te vergemaklik tot inligting oor die bedrywighede en dienste van die DSKK;

6.1.5 jaarliks 'n verslag in te dien by die Minister en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad soos beoog in artikel 9(2) van die Wet.

## 7. Amptelike tale van die DSKK

Die DSKK het vir die doeleindes van hierdie Beleid die 11 amptelike tale van die Republiek as sy amptelike tale aangeneem.

## 8. Gebruik van amptelike tale deur die DSKK

8.1 Die volgende faktore word in ag geneem om te besluit oor die keuse van die amptelike taal of tale wat die DSKK in 'n konteks of situasie sal gebruik:

8.1.1 Gebruik

8.1.2 Doenlikheid

8.1.3 Koste

8.1.4 Streekomstandighede

8.1.5 Die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die publiek wat hy dien.

8.2 Die tabel hieronder sit uiteen hoe die DSKK te eniger tyd minstens drie amptelike tale sal gebruik.

Oogmerk van die DSKK	Taal of tale
Intra- en interregeringskommunikasie	Engels
Kommunikasie met lede van die publiek (amptelike skriftelike korrespondensie)	Die amptelike tale van die Republiek met behoorlike inagneming van die vereistes in klousule 8.1 hierbo uiteengesit.
Kommunikasie met lede van die publiek (mondelinge kommunikasie)	Die amptelike tale van die Republiek met behoorlike inagneming van die vereistes in klousule 8.1 hierbo uiteengesit.
Amptelike publikasies wat vir openbare verspreiding bestem is (kennisgewings op die webtuiste, advertensies, vorms en naamborde op geboue)	Die amptelike tale van die Republiek met behoorlike inagneming van die vereistes in klousule 8.1 hierbo uiteengesit.
Openbare verhore en ander amptelike verrigtinge	Die amptelike tale van die Republiek met behoorlike inagneming van die vereistes in klousule 8.1 hierbo uiteengesit.
Kommunikasie met die gehoor- of	Die DSKK-taaleenheid sal die tolking van



Oogmerk van die DSKK	Taal of tale
gesiggestremde	SAGT en die omsetting van teks in braille, of alternatiewelik in klank, op versoek fasiliteer.
Internasionale kommunikasie	Engels of die voorkeurtaal van die betrokke land.

**9. Kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtaal nie een van die amptelike tale van die Republiek is nie**

- 9.1 'n Lid van die publiek wat met die DSKK wil kommunikeer in 'n taal wat nie een van die amptelike tale van die Republiek is nie, moet die DSKK skriftelik daarvan in kennis stel.
- 9.2 Die vereistes in 8.1 uiteengesit is volledig op elke versoek van toepassing.
- 9.3 Die DSKK reël toepaslike vertaling of tolking binne 20 werkdade vanaf die datum waarop die versoek deur die DSKK ontvang is.

**10. Kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtaal Suid-Afrikaanse Gebaretaal is**

- 10.1 'n Lid van die publiek wat in SAGT met die DSKK wil kommunikeer, moet die DSKK skriftelik daarvan in kennis stel.
- 10.2 Die DSKK reël toepaslike tolking binne 20 werkdade vanaf die datum waarop die versoek deur die DSKK ontvang is.

**11. Publisering van en toegang tot hierdie Beleid**

- 11.1 Hierdie Beleid word in al die amptelike tale van die Republiek gepubliseer.
- 11.2 Dit is op die DSKK se webtuiste (<https://www.dsac.gov.za>) beskikbaar.
- 11.3 Dit is op versoek in braille beskikbaar.
- 11.4 Dit word by alle DSKK-kantore vertoon op so 'n wyse en plek dat dit deur die publiek gelees kan word.

## **12. Klagtemeganisme**

- 12.1 Enigiemand wat ontevrede is met 'n besluit van die DSKK oor sy gebruik van amptelike tale, kan 'n klag skriftelik by die DG indien.
- 12.2 'n Klag moet soos volg ingedien word:
  - 12.2.1 skriftelik, en
  - 12.2.2 binne drie maande na die ontstaan daarvan.
- 12.3 'n Klag wat ingedien is moet die naam, adres en kontakinligting van die klaer bevat.
- 12.4 'n Klag wat ingedien is moet die klag volledig en in besonderhede beskryf.
- 12.5 Die DG kan 'n klaer versoek om enige bykomende inligting te verstrek wat nodig is om die klag te oorweeg, en om 'n vergadering by te woon met die doel om mondeling navraag na die klag te doen.
- 12.6 Die DG moet nie later nie as twee maande nadat die klag ingedien is, die klag oorweeg en skriftelik daarop reageer, en die klaer van die besluit verwittig.
- 12.7 Indien die klaer ontevrede is met die besluit van die DG, kan hy of sy nie later nie as twee maande nadat die ontevredenheid ontstaan het, skriftelik na die Minister appelleer.

## **13. Hersiening van Beleid**

Hierdie Beleid word soos nodig hersien, maar wel binne vyf jaar.